durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

10 Mei 2020




**10 Mei 2020, Moedersdag**
**Preekreeks: #24/7 Kies Wysheid**

| | |
|---|---|
| **09:00** | **Familiediens**<br>Regstreeks op YouTube<br>*Dr. Kobus de Jager* |
| **18:00** | **Regeration @6 Aand-diens** |

**Deuroffer: Hospitaalbearbeiding**

**17 Mei 2020**
**Preekreeks: #24/7 God se Wêreld**

| | |
|---|---|
| **09:00** | **Familiediens**<br>Regstreeks op YouTube<br>*Ds. Mizelle Prinsloo* |
| **18:00** | **Regeration @6 Aand-diens** |

**Deuroffer: Instituut vir Dowes**

**21 Mei 2020**
**HEMELVAART**

| | |
|---|---|
| **19:00** | **Familiediens**<br>Regstreeks op YouTube<br>*Dr. Kobus de Jager* |




Een van die grootste gawes van die lewe is dat ons kan kies.

Grendeltyd maak dat ons nou nie so wyd kan kies soos in die verlede nie. Dit laat ons opnuut besef hoe kosbaar dit is om te kan kies. Om wyd te mag kies is vir ons so belangrik dat selfs die grondwet van ons land bepaal dat ons reg om te mag kies nie sonder baie goeie rede deur ander beperk mag word nie. Daar is selfs nou hofsake aan oor die vraag waarin die regering ons selfs in grendeltyd mag beperk.

Met min keuses kan ons op die oomblik darem kies hoe die maskers wat jy wil dra moet lyk. Verskillende kleure soos 'n reënboog.

Wat eerder saakmaak vir die Here is ons tema van die dag: om **wysheid te kies.**

Die Here wil ons vandag en in die week daarmee help uit Josua 24 en Spr 15 en 16. Lees Jos 24:13-18.

Saam met die keuse van wysheid kom die verant-woordelikheid om God se aangesig te soek.

Deur dit te doen word God se wysheid in jou dade en woorde gesien.

Geniet die veelkleurigheid van die lewe en al die keuses wat jy elke dag kan maak, ook in grendel-tyd. Kies bowenal ons God wat oor alles en almal beskik.

## WOORD VAN DIE WEEK:

## MASKER

Wat gaan deur jou ge-dagtes? Deel met ons by:

**kommunikasie@bergsigdv.co.za**

**/ 0715299491**

**Verlede week se woord:**

**Selfopofferend**

Terugvoer:

Om met liefde om te sien na my bejaarde ma. Dit is met tye so moeilik!

## Bid tot vrede kom




Skakel Sondagaand, **10 Mei** in via die kerk se YouTube kanaal om deel te wees van die Regneration diens om **18:00.**

Die reeks: Hy hou die hele wêreld in Sy hand is baie gepas vir die tyd wat ons nou beleef.

Sondagaand se tema is:

**Bid tot vrede kom.**
**Ds. Johan Els bring die bood-skap.**

Kyk saam en gesels met jou tieners hieroor en hoe hul die hand van die Here nou beleef.

## Vanuit die Uitreikkantoor ...

**AANDAG ALLE SOPKOKERS:**
Dankie aan die week se sopkokers. Om deel te wees van die sopkook groep e-pos Annemarie by uitreike@bergsigdv.co.za. Daar word 'n sisteem gevolg. Ses kerke kook saam sop en 'n sekere hoeveelheid per kerk word per week benodig. Annamaré koördineer Bergsig se sop liters per week. Dus meld by haar aan om te help sop kook en sy sal al die reëlings direk aan jou deurgee.

Nog 'n opsie - lewer sop/bestanddele direk aan **Durbanville CAN** wat kos aan haweloses op ons eie strate gee en nie by MES Bellville inskakel nie. Kontak: *Janessa Stockhall (084 368 3883) en Cara Hepher ( 076 651 9899).* Hulle sal die verskeie opsies van hoe jy kan help of 'n bydrae le-wer verduidelik. Basies kan jy sop / ete kook en by hul kry. Hul bedien smiddae 16:00 aan haweloses. Hul kan ook bestanddele verskaf aan jou as jy wil help kook. As jy wil help bedien is dit ook 'n opsie.




Verskeie rolspolers en kerke het in totaal 3000 kospakkies uitgedeel gedurende grendeltyd. Die afgelope week kon ons dit regkry om 681 uit te deel in Morningstar, Fisantekraal, Klipheuwel en op van die plase (sien berig langsaan oor Attie en Spes Bona). Om te help kospakkies verpak bel Tialet by 063 409 4015

**R600 000 se kos is reeds uitgedeel.**

## Gugulethu ... hulp in 'n moeilike tyd



Vriende, aangeheg is foto's van kosaankope en – verspreiding daarvan aan kinders in Gugulethu.

'n Anonieme donateur het R50 000.00 aan die Wes-Kaap se sinode geskenk vir kosaankope om kinders in armgemeenskappe te voed.





Die tweeling gemeentes van die "Great Commission" kerkgenootskap het elkeen R10 000.00 ontvang. Die aangehegte foto's (ek hoop julle kan dit oopmaak) is van ons tweelinggemeente in Gugulethu. Ek het ook die strokies van die aankope ontvang. Ek is die Here so dankbaar dat Durbanville-Bergsig ook hieraan kon deelneem en ek deel dit.
Groete, Philip

## Bergsigprojekte op ons voorstoep



**Kospakkies aan Attie van Wyk kinders**:

Ons is tans besig om vir al die kinders van Attie van Wyk kospakkies met hulp van Sprouting minds en Ds Wynand van Moedergemeente op te maak – ons het beslis hulp nodig. Die pakkies beloop so R200 per gesin waarvan ons al 90 pakkies kon uitdeel vir die ouers en kinders op die omliggende plase van Attie van Wyk.

Ons het die lys ontvang van die Attie kinders in Fisantekraal – die skoolhoof sal my in kontak plaas met paar van die ouers wat adresse sal verskaf vir die aflewering van die pakkies. (Ons sal graag weer binne die volgende 2 weke, weer aan al die plaaswyke pakkies wil voorsien en benodig finansiele hulp daarmee)

Ons sal dit baie waardeer indien daar 'n skenking kan wees - sien bankbesonderhede van Durbanville Gemeente op bladsy 2 en die verwysing bly - Feeding.

**Spes Bona Nuwe geloofsgemeenskap:**

Om ons Sondagdienste en verhoudings met die mense van Spes Bona en Rondebossieberg (wat deel van die Spes Bona Kerk se plaasgemeenskap uitmaak), het ons 'n WhatsApp groep gestig waarop ons kort video en of stempos boodskappe versprei. Ons het die gemeenskap (een verteenwoordiger per gesin), met data (1Gb geldig vir 30 dae) voorsien sodat hulle die dienste per WhatsApp kan volg – die terugvoer is steeds baie positief en ons is opgewonde om die werking van die Heilige Gees te sien beweeg selfs onder die grendelomstandighede. Ons het egter 'n groot finansiële uitdaging om hierdie verskaffing van data te volhou tot die grendeltyd opgehef is. Ons het reeds meeste van ons eie gegenereerde fondse van Spes Bona gebruik vir die eerste voorsiening van data wat ± R150 per gesin x 14 gesinne beloop het.

God het die aankope van 25 April deur Wayne en Laura Klopper voorsien.

Ek sal dit baie waardeer indien daar voorsiening gemaak kan word vir 'n verdere termyn van data vir die gemeenskap op Spes Bona. Dit kab in Durbanville-Bergsig se rekening inbetaal word met verwysing - Spes Bona data.

Durbanville-Bergsig BANKBESONDERHEDE

**Bank:** ABSA Durbanville
**Tak kode:** 334810
**Tipe Rekening:** Tjek
**Rekening nommer:** 141 059 0154

Skakel Annamaré as jy betrokke wil raak: uitreike@bergsigdv.co.za




Elke jaar berei ons as kerk op ‘n spesiale manier voor vir Pinkster.

Al die kerke van Durbanville bid vir 10dae - van 21 Mei, Hemelvaart en tydens Pinkster by die D4J (Durbanville 4 Jesus) gebedskamer by El-Shaddai.

Hierdie jaar gaan dinge bietjie anders lyk. Die D4J gebedskamer gaan na JOU toe kom. Daar word op die oomblik ‘n pakket bymekaar gestel sodat jy jou tuiste as gebedsruimte kan inrig. Die idee is dan dat jy en jou huismense julle tuiste so omskep dat julle ‘n spesiale plekke het om vir 10 dae julleself by God af te sonder. Die gebedspakket sal aan julle beskikbaar gestel word.

Dit is 27 Mei Durbanville-Bergsig en Durbanville Gemeente se beurt om die “gebedskamer” in jou huis - met gebede te vul vir 24 uur. Indien jy en jou huismense bereid is om ’n uur te bid op Woensdag, 27 Mei laat weet Mizelle Prinsloo by 083 394 1101







Bergsig het ’n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Raak deel van die groep veral nou as jy baie alleen voel. Die leraars is beskikbaar om jul te bedien - al is dit per telefoon.

## KNIELTYD




## Deuroffer: Hospitaalbearbeiding

Hulle versorg gemeentes se lidmate en hulle familie tydens ernstige krisisse – medies en emosioneel – in die hospitale en in spreekkamers in die Kaapse Skiereiland en in George en Mosselbaai. Aangesien hospitale se rekenaarinligting meestal nie pasiënte se kerkverband aantoon nie, word gemeentelede vriendelik versoek om hospitaalleraars van pasiënte te laat weet. Hulle sal hierdie lidmate bystaan en op 'n pad van oorwinning begelei.

Die hospitaalleraars het in die vorige boekjaar 3 963 pasiënte besoek en 562 families ondersteun. In die pastorale spreekkamer is daar met 1 147 mense onderhoude gevoer. Saam met die hulpwerkers en studente is 17 279 pasiënte in hospitale besoek. Bid asseblief dat God hulle daagliks sterk en bemagtig om sy troos en liefde aan lidmate in hul nood oor te dra.

## Israel 2021 Pelgrimstoer

**Wou jy nog altyd Israel besoek?**

**Ons wil graag weet of jy sou belangstel? Bel Esther Goosen en laat weet haar of jy belangstel:**

**076 183 4568**




Liewe Bergsig vriendin,
ons verlang na lekker saam kuier,
stories met mekaar deel,
koek en tee saam geniet,
lag, huil en luister oomblikke...!

Lyding moet gedra word sodat dit kan verbygaan.

Óf die wêreld moet dit dra en daaraan ten gronde gaan, óf dit word op Christus gelê en in Hom oorwin.

*Dietrich Bonhoeffer*

## Grappie van die dag







## GLOWKIDZ

Ons het die week gesels oor God wat dieselfde bly terwyl alles om ons verander – ook die seisoene.  Kinders het die stukkie kuns gedoen.  Die kinders het ook die week die dissipels ontmoet en bietjie met hulle gesels oor hul stories.

Ons vertel meer volgende week hieroor.

## Durbanville Kinderhuis

**#R50SurviveDrive**

Die hele wêreld het tot stilstand gekom met Covid 19 en soos u weet is heelwat besighede en organisasies in 'n ekonomiese krisis gedompel.  By Durbanville Kinderhuis word ons met die inperking op soveel verskillende vlakke uitgedaag.

- Ons moet daagliks die 144 kinders besig en gelukkig hou en moet voortaan aan hulle tuis onderrig verskaf.
- Ons kinders is meegedeel dat hulle nie die vakansie by hulle gesinne kon gaan kuier nie. Ongelukkig het ons kinders vantevore met trauma, angs en spanning kennis gemaak en die gevaar bestaan dat hierdie ervaring weer die ou trauma kan oproep.  Ons het ekstra hulp nodig om ons kinders te help om daardie emosies te hanteer.
- Ons moes ons Gala fondsinsameling, ons jaarlikse Bal, uitstel en verloor daardeur honderde duisende rande wat normaalweg vir die kinders se welstand gebruik sou word.

Ons het u hulp nodig, asseblief.

Ons mikpunt is om gedurende Mei R1 000 per kind in te samel. Dit beteken 2 880 donasies van R50 elk.


Ons daag elkeen uit om deel te wees van ons #R50SurviveDrive:

Maak 'n donasie van slegs R50.

Daag 5 van u vriende uit om ook R50 by te dra:

Bankbesonderhede:
Absa Tjekrekening
141 029 0983
Durbanville
Verwysing: Naam + Van/Survive
GivenGain:
https://www.givengain.com/c/dvillekinderhuis/













**BAIE, BAIE DANKIE**
**vir aanlyn offergawes wat inbetaal word deur aanlyn opsies soos internet inbetalings, Zapper en Snapscan**

## Regeneration Tydens Lockdown

**Kleingroepleiers probeer tydens lockdown bedien:**
Hul probeer elke dag 1-2 tieners persoonlik whatsapp. Verneem hoe dit gaan? Hoe tyd spandeer word? Is daar iets waarvoor hul kan bid?

Deel 'n teks op julle persoonlike kleingroep whatsapp groep, gee hulle tyd om dit te lees. Vra later dat almal deel wat hulle uit die teks gekry het.

Connect met die wat wil op Zoom, julle kan net in-check of 'n game oor Zoom speel

Hoe impakteer die Covid-19 Tieners:
https://www.cnn.com/2020/04/16/us/teens-coronavirus-coping-wellness-trnd/index.html

**Hoe gaan ons voort met jeugbediening van die kerk se kant:**
Sondagaande 18:00 die "@6 Diens" livestream
Ons versoek ouers om dit weekliks saam met hulle tieners te kyk en ook aan hulle vrae te voorsien om gesprekke na die diens met tieners en as gesin te bespreek.

Kleingroepe word aangemoedig om via Zoom weekliks bymekaar te kom.

Moedig tieners aan om RightNow media platform te gebruik




## #onspraat

Baie dankie aan almal by Bergsig. En veral aan die bemoedigende boodskappe en ondersteuning.

Dit bly 'n voorreg om deel van Bergsig te wees.

Groete

Pierre de Villiers

Dirk Roux
Baie dankie Phillip vir die bemoedigende boodskap - om te "glo" en daagliks tyd te maak vir jou eie tyd met jou "Skeper" is van kardinale belang. Daardie lekker "eie tyd" in stilte vroeg in die oggend met n lekker kop-pie warm koffie is nog altyd waarna ek uitsien in die "vreemde tyd". Als gaan nog goed en ons vertrou dat ons Here by ons sal wees in en deur die tydperk.

## #onspraat aanlyn

Elize Stapelberg Dankie baie vir al die wonderlike dienste dis so lekker om daarna te luister

Marie Barber Dankie ds. Johan en Stephanie dat julle ons leer dat God sê as ons swak is, is ons sterk deur Jesus en die Heilige Gees. Seënwense vir julle en julle gesinne❤️

Rita Naude Dankie vir die boodskap Philip

## #onspraat aanlyn

Baie dankie aan almal by Bergsig. En veral aan die bemoedigende boodskappe en ondersteuning. Dit bly 'n voorreg om deel van Bergsig te wees. **Pierre de Villiers**



Jolene Schoeman Dankie Mizelle Prinsloo

Hou van · Antwoord · Boodskap · 1 w

Mizelle Prinsloo Met baie liefde Jolene

Hou van · Antwoord · Boodskap · 1 w

Marie Barber Dankie ds. Mizelle. Dankie dat jy ons herinner dat God in beheer is en Jesus saam met ons hierdie moeilike pad stap. ❤️🌹🙏

Hou van · Antwoord · Boodskap · 1 w

## Gesinslewe tydens die afsonderingstydperk lyk anders ...

Ons pla ma as sy werk





Ons bak

#vreugde

Die Loubser familie kuier saam met ouma en ou familieresepte word oorgedra na die kleindogters.

#kreatief



## #tuiskantoor

Liezl Loubser besig met reëlings om Bergsig se kursusse aanlyn aan te bied. Maatskaplike navrae van lidmate word ook hanteer.



scan to donate now

zapper donate with VISA and many more

www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527